



Towerlantern Fotografie
fotografienuus
junie 2020

Bakkie met vrugte en strooisuiker
Lensopening f2.8; Sluiterspoed 1/320 sekonde; Fokale lengte 100 mm

Die fotografe van ons Spesialiskursus is in die nabyfotografie-fase van hul kursus. Een opdrag is om nabyfoto's te neem van eetbare items. As jy dus wonder wat om in hierdie inperkingstyd te fotografeer, wend jou tot eetbare items. En daar is geen verskoning van "ek weet nie wat om af te neem nie"!

Dis seker nie nodig om te sê dat die inperking ons almal raak nie; in die besonder ook vir ons, fotografe. En ook vir ons by Towerlantern. Ons, en waarskynlik almal, het aanvanklik gedink dit sal net weke duur, dan sien ons mekaar weer, tasbaar. Intussen het die weke maande geword. Hoe lank nog? Die boodskap vir jou as fotograaf is: Moenie deur die inperking negatief beïnvloed word nie. Sien al die positiewe dinge om jou, veral ook al die nuwe fotomoontlikhede.

Ons moes ook aanpas sodat ons kursusgroepe steeds met hul fotografie kan aangaan. Ons het natuurlik tans geen klasse nie, maar gelukkig kan ons al ons studente aanlyn hanteer. Ons is dankbaar dat ons al 'n paar jaar gelede met ons aanlynkursusse begin het. In die lig van die pandemie wys ons in hierdie uitgawe baie foto's met moontlikhede. Beleef dit, geniet dit. EN NEEM STEEDS FOTO'S.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Ons sluit aan by die reeds genoemde saak van eetbare foto-items. Sulke foto's is redelik algemeen. Let wel, ons praat nie van kosfotografie nie! Een van die meer oorspronklike fotografe van eetbare fototonele is Carl Warner. Kyk gerus na die volgende video om te sien hoe hy eetbare landskappe bou en fotografeer: https://youtu.be/2P_AAky578o



Die voorbladfoto-toneel is ook eetbaar. Dit word juis genoem "Bakkie met vrugte en strooisuiker" – selfs die bakkie is eetbaar! In ons geval is die toneel nie gebou nie, maar gevind.

Behalwe die kamera-instellings wat by die foto gegee word, kan die volgende sake in verband met die fotografering van die voorbladfoto ook genoem word. En dit is juis sake wat in die algemeen vir foto's onthou kan word:

- ✓ 'n Driepoot is gebruik vir 'n presiese komposisie.
- ✓ Presiese fokussering op 'n fokuspunt is toegepas, hier in die besonder op die strooisuiker.
- ✓ Die beligting is natuurlik, dit wil sê geen kunsmatige beligting is gebruik nie.
- ✓ Weens die aard van die beligting is meer as een foto geneem sodat die beste een op 'n rekenaarskerm beoordeel en gekies kon word.
- ✓ Daar is gestreef na kreatiwiteit – dus nie sommer net 'n gewone bakkie met vrugte nie.

Volg hierdie wenke – veral ook as dit kom by nabyfoto's. Laat jou foto's altyd spreek van besonderheid en uitsonderlikheid. Doen dinge wat ander fotografe nie doen nie. Skep foto's wat jy dalk self nie weer sal kan nadoen nie. Geniet dit.

KREATIWITEIT

Wat jou fotografie betref, behoort daar eintlik tydlig en ontydig klem op kreatiwiteit gelê te word. Dan gaan jy soveel meer jou fotografie geniet. As ons oor kreatiwiteit gesels, word jy eintlik voorgestel aan jou kuns kant (as jy dit nog nie ontmoet het nie) of nog meer bekendgestel (as jy dit reeds ontmoet het).

Jy mag redeneer: Kreatiwiteit is nie vir my nie, want ek is nie 'n kreatiewe mens nie. Ons vraag is dan: Het jy 'n kamera? Neem jy foto's, selfs met jou selffoonkamera? As jy "ja" antwoord dan het jy kreatiwiteit. Uitgeboul!

Die werkwyse wat ons vir ons studente voorstel is om die onderstaande prosedure van tyd tot tyd deur te voer. Doen dit en jy sal verbaas wees hoe jou kreatiwiteit ontwikkel!

Kom in oefening Begin en hou daagliks vir 'n maand lank vol om kreatief te dink, te teken of rekordfoto's te produseer.

Kry 'n idee Gaan voort en kry op 'n gestruktureerde manier idees, byvoorbeeld volgens die alfabet, die kleurwiel of 'n enkel bladsy uit 'n woordeboek.

Kry 'n beeld Maak rowwe sketse van jou idee of beskryf jou idee in woorde of neem foto's as inspirasiefoto's.

Kry 'n werklikheid Verwerk die beeld na die werklikheid deur opstellings te maak, kamerahoeke te beplan, die tyd van die dag te oorweeg, kleure vir kunsmatige beligting te bedink, ensovoorts.

Kry die foto's Gaan voort om 'n fotoreeks te neem. Mik deurgaans vir die mees kreatiewe ongewone tonele soos in die foto-voorbeeld hier en ook nog verder aan.

Dr. Anton Pijpers

RIGLYNE

VIR KREATIEWE FOTO'S

Die belangrikste riglyn is: Kom in oefening, soos reeds genoem. Lees ook weer die aanbevelings van bronne vir kreatiwiteitsoefening. Dit sal verseker dat jy regdeur 'n vaste patroon het waarvolgens jy temas kan kry. Vir ons



Ons foto's het 1, 3 en 5 blomblare. Is daar dalk 'n blom in jou tuin wat net 2 blomblare het? Ons sal dit graag wil sien!

riglyne wat verder volg, sal ons ons wend tot blomfoto's met die volgende bedoeling: Neem 'n foto van 'n blom met 1 blomblaar, dan 'n blom met 2 blomblare, 'n blom met 3 blomblare, 'n blom met 5 blomblare, 'n blom met 8 blomblare, ensovoorts. Vir die wete, die volgende 3 getalle is 13, 21 en 34 (elke keer die som van die laaste twee getalle). Hierdie reeks staan bekend as 'n Fibonacci-reeks. Lees meer hieroor by Wikipedia, soekterm *Fibonacci*, en kyk na 'n effense voorbeeld by https://people.smp.uq.edu.au/Infinity/Infinity_13/St_Peters4.html

Aanvaar dat jy reeds 'n blom volgens bogenoemde reeks getalle het (hier kom die eerste kreatiwiteit-stap al in!). Neem verder aan die toneel is opgestel (jy het reeds 'n redelike komposisie en fokussering) en die kamera is op 'n driepoot opgestel. Volg dan dié voorskrifte:

Tipe lens en zoemstelling Enige lens kan gebruik word; onthou wel dat jy met nabyfotografie te doen het.

Portret- of landskapformaat Waarskynlik portretformaat vir 'n enkel blom, maar die keuse is joune.

ISO Kies steeds 'n lae ISO-waarde.

Witbalans Maak seker van die beligting (natuurlike lig teenoor kunsmatige lig).

Keuse van fokuspunt Vir hierdie opdrag is dit belangrik dat die blomblare die fokuspunt-keuse moet wees.

Lensopening Die lensopening moet relatief klein wees sodat die velddiepte groot is vir die blomblare om skerp te vertoon.

Sluiterspoed Gebruik die liniaal vir die korrekte beligting.

Fyn fokussering Maak seker van skerp fokussering. Gebruik handfokussering saam met die LCD-skerm en 'n donker sambreel.

SPELFOUTE

en ander -goggas

Ons ontvang meermale e-posse met spelfoute (let wel nie tikfoute nie!) wat so algemeen voorkom dat jou hare daarvan rys en dat jy uiteindelik self twyfel oor die korrekte spelling. Ons begin dus vandag met 'n lys "slegte spellings" wat ons gereeld sal publiseer en sal aanvul.

As jy wonder hoe so iets inpas by fotografie, is die antwoord eenvoudig: As jy weet jy moet presies wees met jou foto's, hoekom dan nie ook met jou taal nie?

Jy is welkom om vir ons soortgelyke gruwels te stuur. As ons by Towerlantern met verkeerde spellings sukkel, laat weet ons asseblief. Ons probeer immers om goeie Afrikaans te gebruik. En ons is dikvelig genoeg om dit te hanteer.

Verkeerde spelling	Korrekte spelling
kurses	kursus
komposiesie	komposisie
onmiddelik	onmiddellik
wa(a)rdeur	waardeer

NUUS VANAF TOWERLANTERN: ONS JAARLIKSE UITSTALLING

Dit kan met redelike sekerheid gesê word dat ons jaarlikse fotouitstalling – soos dié wat verlede jaar in die Potchefstroomse openbare museum plaasgevind het – nie sal plaasvind nie. Mens besef eenvoudig net dat daar te veel ander uitstallers is wat vroeër sou uitstal en ook eers 'n beurt sal moet kry.

Hiermee as agtergrond, het die gedagte ontstaan om, soos met soveel ander sake, 'n virtuele uitstalling te hou. Verdere besonderhede sal in ons volgende Fotografienuus bekend gemaak word.

Al wat wel nou al met sekerheid gesê kan word, is dat jy solank jou uitstalfoto's agtermekaar moet begin kry. Gaan dus jou foto's deur, soek uit, bêre dit in jou elektroniese laai en wees reg as daar 'n oproep vir foto's kom.



waardering van *lesers*

Ons fotografievriendin, Anna-Marie du Plooy van Alberton, skryf die volgende (en baie dankie daarvoor): "Ek kyk nou eers op my rekenaar na jou koffiefoto's. Het dit wel vroeër op my selfoon gekyk. Dit is regtig besonders! Fransa se uitleg van die hele Nuusbrieff maak dit soveel interessanter."

Towerlantern Fotografie
- junie 2020 -



Volmaan


MET PIENK WOLKIES

Lydia le Roux van Eendekuil stuur die foto hierby en skryf:

Ek het die mooiste foto netnou van die maan geneem, die presiese oomblik wat hy sy kop bo die berg uitgesteek het. En al is hy nie pienk nie, het die pienk wolkies saamgespeel. As jy dink my fokus was nie perfek nie – dit was dalk nie, maar daar was so 'n effense wasigheid om die maan. Die wasigheid van die maan is juis vir my 'n bonus, om die atmosfeer wat dit skep. Ek sien toe eers agterna die “sfinks”-gesig regs van die opening tussen die rotse met die boompie in.


FOTO'S VAN FOTOVRIENDE *tydens inperking*

Aan die negatiewe kant is dit verseker so dat die inperking slegte gevolge het. Aan die positiewe kant is dit egter beslis so dat daar baie mooi en besondere sake na vore kom. Een daarvan is dat fotografe gedwing word om op hul eie werf foto's te neem en daarin al meer en meer verfyn raak. Ons plaas hier foto's van vriende wat gedurende die onlangse weke geneem is.



Martin Rabie van Modimolle is gelukkig om suikerbekkies en gesiggies in sy tuin te hê.

Elize Odendaal woon in Parys en is 'n onderwyser, wat natuurlik tans tuis skoolhou. Sy skryf: Ons is elke dag besig met aanlyn-skoolhou, maar wanneer ek 'n tydjie kry, stap ek die tuin in met my kamera om bietjie kop skoon te maak.





Fanie Coetzee woon in Potchefstroom. Hy skryf: Sondagmiddagson deur die verkleurende herfsblare bied 'n pragtige agtergrond om voëls af te neem. Dis nogal uitdagend om die rondspringende glasogie af te neem. Die verrassing was, in die verwerking van die foto's, dat hierdie kleurvariant (Gariëpglasogie) eintlik nie veronderstel is om hier voor te kom nie. Die gewone Kaapse glasogie het nie die perskekleurige tint oor die kante van die bors nie. Miskien is dit maar net die veelkleurige agtergrond wat afgee.



Susan Meyer, Potchefstroom, het 'n ander plan gemaak met die beperktheid. Sy skryf oor haar foto's: "Dis die naaste wat ek dié jaar aan herfsblare kom." Let op na haar inisiatief en wees self onbeperk, soos die herfs.





Dorette Cilliers is baie lief vir blomfoto's en sien klein dingetjies in haar tuin raak. Oor die twee modelle hierby sê sy:

- *"Corona Blues", deur die oog van my Yorkie.*
- *Vlindervoelers wat vryelik kos soek in die natuur. Geen ingeperktheid wat "Vernietkos" by die regering hoef te gaan bedel nie.*



Kobie Fourie bly in Klerkstraat, Potchefstroom, waar daar tans die mooiste herfsbome is, soos die foto toon. Die ander foto toon 'n "mooi sonsondergang tussen die pekanneutbome".





Tanya Reeder is gelukkig genoeg om saam met haar gesin by Modderdam buite Potchefstroom te woon. Sy het dus die vryheid wat dorpelinge maar net van kan droom. Die foto's wys dit.



Fransa Vorster neem graag foto's af wat sy vir haar werk kan gebruik. Albei hierdie foto's kan goed gebruik word as agtergrond vir bladuitleg. Verally die "hundreds & thousands" het 'n lekker tekstuur. Die Gloxinia is van onder af afgeneem met 'n skerp lig van agter.




Micæla Verwey is een van ons gevorderde kursus se fotografe. Sy het 6 foto's gestuur (waarvan ons 2 plaas) en sê dis foto's wat sy so oor die lockdown-tydperk geneem het.



Pedro Rankin stuur 'n foto van 'n rooi roos wat feitlik ten volle ontvou is en 'n groepie paddastoeltjies wat tussen die gras opgekom het. Ons sê, met waardering, dankie aan Pedro se verdere opmerking: "Dankie weereens vir die moeite wat jy doen en jou aansteeklike passie vir fotografie."



Dit bly vir ons interessant om te sien watter onderwerpe ons fotografeer afneem. Gawie Rousseau het, soos ons almal, sy inperkings. Gelukkig woon hy in Potchefstroom in 'n gebied met mooi blomme, skoelappers en waterbakkies vir duive en ander voëls.



Maryke Schoonen deel graag twee fotos met die tema "My ingeperkte brein":

Foto 1: "Linkerbrein, Regterbrein": Ek het bloot 'n rasper gebruik om die effek te kry. Linkerkant is die rigiede logiese manier van dink – wat dan net die kleurlose raspertjies is, en regterkant is die kunstekant wat kleurvol is – effek verkry met die weerkaatsing van 'n kleurvolle item.



Foto 2: "Breingolwe": Weereens is 'n rasper gebruik met 'n kleurvolle voorwerp wat naby aan die lens gehou is, sodat ek die "vermengende" effek kon kry van linker- en regterbrein wat oor mekaar vloei soos bringolwe.






Joanie Schoonen skryf: Toe die inperking afgekondig is het ons gewonder wat gaan ons doen. Maar tog het dit ook 'n positiewe uitwerking op my gehad. Ek het rustig geraak en beseft ons kan nie die situasie verander nie en moet die beste daarvan maak. Met my kamera in die hand het ek met ander oë na die natuur gekyk. Van die volmaan, die nat gedoude grasperk vroeg oggend, plante wat hul groeitydperk bereik het en 'n onverwagte insek in die tuin. Alles laat mens opnuut beseft van God se Hand in die natuur en hoe die natuur deur Hom onderhou word.





Maureen Malan noem die volgende oor haar foto's: Ek het die maan probeer afneem en toe sien ek ook dat die huise se ligte mooi uitkom. Die sluiterspoed was 25 sekondes. Die foto van die hondjie is net 'n lekker speelfoto.





VIR OULAAS

Vir oulaas nog 'n paar foto's.
Die kamera was ingeperk, die foto's
hopelik onbeperk. En die fotograaf
wou nie sy naam noem nie.



Towerlantern Fotografie
- junie 2020 -